

Brambles

Beleid oor gesondheid en veiligheid

Brambles Limited

Hersien: 1 Januarie 2020

Weergawe 2.0

BELEID OOR GESONDHEID EN VEILIGHEID

Dit is Brambles se beleid om 'n gesonde en veilige werkomgewing te verskaf en handhaaf, en om besering, siekte of benadeling van werknemers, kontrakteurs, klante of die publiek se gesondheid te voorkom. Ons beskou veiligheid as 'n prioriteit bo alle ander aspekte van ons sakewerksaamhede.

Brambles is daartoe verbind om geen skade nie te bereik, wat beteken geen beserings, geen omgewingskade en geen nadelige invloed op menseregte nie. Die handves oor geen skade nie, wat die visie, waardes, optredes en vereiste verbintenis tot veilige werk en die versekering van omgewingsvoldoening uiteensit, word aan alle werknemers voorsien en is op Brambles se webwerf beskikbaar.

Ons is ook daartoe verbind om te verseker werknemers van Brambles word gepas toegerus met die gereedskap, tegnieke en toerusting wat hulle nodig het om hul pligte voldoende en doeltreffend uit te voer, en om hul verantwoordelikhede oor gesondheid en veiligheid ten volle na te kom.

Die sukses van ons beleid oor gesondheid en veiligheid is afhanklik van die persoonlike verbintenis van al ons werknemers. Ons verwag van u om by die werk redelike sorg te dra oor u eie gesondheid en veiligheid, sowel as dié van u kollegas. Dit is u persoonlike verantwoordelikhed om veilige werkprosesse te volg, die maatskappy se veiligheidsreëls te gehoorsaam en om gevare by die werkplek, voorvalle en naelskraapse ongelukke by u toesighouer aan te meld. Dit word van elkeen verwag om sy of haar vaardighede en kennis aan te wend om veiligheid te verbeter.

Ons verwag verder dat u verseker dat u by die werk in 'n toestand is waarin u in staat is om te werk en u nie uself of ander deur die onvanpaste gebruik van dwelms of alkohol in gevaar stel nie.

Elke sake-eenheid is daarvoor verantwoordelik om hierdie beleid te implementeer. Ons verwag van alle bestuurders en toesighouers om die volgende te voorsien:

- 'n Veilige werkplek;
- Gereedskap, toerusting en voertuie wat vir veiligheid gekies, getoets en onderhou is;
- Stelsels wat verseker gereedskap, toerusting en voertuie word veilig aangewend en dat materiaal veilig gehanteer, aangewend en geberg word;
- Opleiding wat werknemers in staat stel om hul persoonlike verantwoordelikhede rakende gesondheid en veiligheid te verstaan, asook die gevare wat inherent aan hul werk is;
- Opleiding wat werknemers in staat stel om hul gereedskap, toerusting en voertuie, sowel as die veiligheidstoerusting en veilige werkstelsels te verstaan, te bedryf, aan te wend en te onderhou;
- Gepaste toesig oor werkaktiwiteite;
- Stelsels wat die prestasie van gesondheid en veiligheid monitor;
- Erkenning van goeie veiligheidsprestasie en -gedrag om belangstelling en entoesiasme te skep in pogings om veiligheid te bevorder;
- Kommunikasie en konsultasie met werknemers oor kwessies van gesondheid en veiligheid om bewustheid en begrip van veiligheid te verhoog;
- Voldoende fasilitete vir die welstand van werknemers by die werk;
- Gepaste eerstehulpopleiding en -toerusting, en
- Doeltreffende en gepaste noodprosedures.

Ons verwag nie net van alle bestuurders en toesighouers om te verseker ons voldoen aan alle toepaslike wetgewing en regulasies oor gesondheid en veiligheid nie, maar ons verwag ook van elkeen om die beste operasionele veiligheidspraktyke vir sy of haar bedryf toe te pas.

- **Elke ongeluk is voorkombaar**
- Beoordeel elke situasie wat die moontlikheid van 'n ongeluk inhoud en doen alle redelik praktiese voorkomingstappe teen so 'n gebeurtenis.
- Voer gereelde evaluerings van die gesondheids- en veiligheidsrisiko's uit wat met ons materiale, produkte, procedures, gereedskap, toerusting, voertuie en werkplekke verband hou. Verseker spesifiek waar werk in 'n openbare plek gedoen word dat sulke werk, sover dit redelikerwys prakties is, sonder risiko vir lede van die publiek onderneem word.
- Integreer gesondheids- en veiligheidsoorwegings in alle sakebeplanning. Maak spesifiek seker dat gesondheid en veiligheid in ag geneem word as deel van die ontwerp en bedryf van nuwe materiale, produkte, procedures, gereedskap, toerusting, voertuie en werkplekke.
- Verskaf sodanige inligting, instruksies, opleiding en toesighouding as wat nodig mag wees om die gesondheid en veiligheid van ons werknemers, kontrakteurs en klante redelikerwys te verseker.
- Verseker dat die proses om werknemers, kontrakteurs en verskaffers te kies en te beloon die erkenning en ondersteuning van goeie veiligheidsprestasie insluit.
- Voer gereelde oudits uit om voldoening aan toepaslike wetgewing en regulasies, asook die doeltreffendheid van beheerstelsels oor gesondheid en veiligheid en die implementering van hierdie beleid te evaluateer.

Brambles se raad het die oorhoofse verantwoordelikheid vir hierdie beleid. Die groep hoof van gesondheid, veiligheid en die omgewing het die daaglikse operasionele verantwoordelikheid vir hierdie beleid en moet verseker dat alle werknemers gereelde en gepaste opleiding ontvang.

Die groep hoof van gesondheid, veiligheid en die omgewing, in samewerking met die raad, sal minstens een maal per jaar hierdie beleid uit 'nregs- en operasionele oogpunt nagaan. Hierdie beleid vorm nie deel van 'n party of enige werknemer se kontrak of skep andersins een nie, en dit mag van tyd tot tyd gewysig word. Werknemers word uitgenooi om kommentaar op hierdie beleid te lewer en maniere voor te stel waarop dit verbeter kan word. Kommentaar of voorstelle moet aan die groep hoof van gesondheid, veiligheid en die omgewing gerig word.

Alle werknemers is verantwoordelik vir die sukses van hierdie beleid. Brambles skep werkplekke waarin oop en eerlike kommunikasie tussen alle werknemers van waarde geag en gerespekteer word. As u enige vrae oor hierdie beleid het, of as u 'n potensiële oortreding daarvan wil aanmeld, praat asseblief met u lynbestuurder, enige lid van die span vir gesondheid, veiligheid en die omgewing, enige lid van dieregs- of mensehulpbronspan, of bel die Praat uit-hulplyn. In ooreenstemming met Brambles se Praat uit-beleid sal geen vergelding- of weerwraakstappe teen enige werknemer gedoen word as kwellings ingevolge hierdie beleid geopper word nie. Brambles is daar toe verbind om kwellings van werknemers te ondersoek, te hanteer en daarop te reageer, en om gepaste korrektiewe stappe in reaksie op enige oortreding te doen.